higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT POLISIËRINGPRAKTYKE
NKR VLAK 2

(8011022)

22 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. ALLE werk wat jy NIE wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees AL die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord AL die vrae in AFDELINGS A, B EN C.
3. Beantwoord EEN vraag in AFDELING D.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Trek 'n streep na voltooiing van elke vraag.
6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika maak voorsiening vir vlakke van regering. Hierdie vlakke is …

A nasionaal, provinsiaal, areas en plaaslik.
B provinsiaal, areas en plaaslik.
C nasionaal, provinsiaal en plaaslik.
D internasionaal, nasionaal en provinsiaal.

1.2 Die Onafhanklike Polisieondersoekdirektoraat ('IPID'), voorheen bekend as die Onafhanklike Klagtedirektoraat ('ICD'), het die volgende mandaat:

A Skep 'n veilige en seker omgewing vir alle mense in Suid-Afrika.
B Ondersoek beweerde wangedrag van, of oortredings wat begaan is deur SAPD-lede.
C Ondersoek beweerde wangedrag van, of oortredings wat begaan is deur ministers en lede van die parlement.
D Bied ondersteuning aan die minister van polisie in die uitvoering van sy/haar pligte.

1.3 Die Suid-Afrikaanse Polisiediens se rangestruktuur bestaan uit … range.

A tien (10)
B elf (11)
C twaalf (12)
D dertien (13)

1.4 Indien 'n lid van die polisiëringsagentskappe ondersoekwerk doen, moet hy/sy op die … substruktuur geplaas word.

A pro-aktiewe
B reaktiewe
C ondersteunings-
D bestuurs-

1.5 NIE ingesluit in die Suid-Afrikaanse Polisiëringsagentskappe voor 1994 nie:

A Swaziland en Lesotho
B Venda, Ciskei en Transkei
C Kangwani, KwaZulu en Kwandebele
D Gazankulu en Bophuthatswana

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die woord of woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

omkeer ('about turn'); 2,5 kilometer; pas markeer ('mark time'); vier (4); oop orde marsjeer ('open order march'); linksdraai; vyf (5); oë front ('eyes front'); geslote orde marsjeer ('close order march'); halt; 2,4 kilometer

2.1 Op die bevel … , voltooi die vorentoebeweging van die regtervoet, sowel as dié van die linkervoet, en bring die regtervoet tot stilstand langs die linkervoet, in die aandag-posisie.

2.2 Die … -wedloop is een van die komponente van die standaardtoets vir polisiëringsfiksheid.

2.3 Op die bevel … , neem die voorste gelid TWEE (2) treë vorentoe terwyl die agterste gelid TWEE (2) treë agtertoe neem; die middelste gelid bly op hulle plek. Die TWEE (2) geledere wat beweeg begin stap met die linkervoet en bring die linkervoet tot stilstand langs die regtervoet, in die aandag-posisie. Die arms beweeg nie.

2.4 Die standaardtoets vir polisiëringsfiksheid bestaan uit … komponente.

2.5 Op die bevel … , met die kop en arms flink vorentoe gedraai, slaan die persone in die voorste gelid hulle uitgestrekte arms na die sy in die aandag-posise.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Gelykheid ('Equality') in Suid-Afrika is tot stand gebring as gevolg van apartheid.

3.2 Die Sharpeville-insident het mense dwarsoor die land woedend gemaak, en in die daaropvolgende weke was daar demonstrasies, protesoptogte, stakings en oproer.

3.3 Tydens die apartheidsera is die polisie as 'n paramilitêre mag beskou.

3.4 Essensiële menseregte moet deur die oppergesag van die wet ('rule of law') beskerm word.

Kopiereg voorbehou

3.5 Suid-Afrika se nuwe Konstitusie, 1996, het 'n enkele Nasionale Polisiediens vir Suid-Afrika daargestel, onder die uitvoerende bevel en beheer van 'n Nasionale Kommissaris wat aangestel word deur die Minister van Veiligheid en Sekuriteit (nou die Minister van Polisie).

3.6 Die komponente van 'n gesonde lewenstyl is oefening en voeding.

3.7 Stamina kan omskryf word as die vermoë om die hele liggaam vir lang tydperke te oefen.

3.8 'n Normale Liggaamsmassa-indeks (LMI) is tussen 12.5 en 18.

3.9 'n Basiese kragoefeningprogram moet uit die volgende bestaan:

- Program van drie (3) dae per week.
- Nie ALLE spiergroepe moet per week geoefen word nie.
- Een oefening per spier met minstens vier (4) stelle.

3.10 Om jou borsspiere te laat toeneem kan jy gewigoptel ('bench presses') of opstote ('push-ups') doen.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Kies 'n woord of woorde uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

	KOLOM A		KOLOM B
4.1	Ontwikkel die krag van ligamente en senings	A	kragoefening ('strength training')
4.2	'n Siekte waar jou liggaam die bloedsuikervlakke nie behoorlik kan reguleer nie	B	diabetes
		C	100 meter-naelloop
4.3	Maak jou hart sterk sodat dit nie so hard hoef te werk om bloed te pomp nie	D	beheer rustende hartklop
		E	asemhalingsoefening
4.4	'n Toestand van oorgewig as gevolg van te veel liggaamsvet	F	beroerte
4.5	Verhoog algemene buigsaamheid ('flexibility')	G	vetsug ('obesity')
		H	strekoefening ('stretch training')

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 5

5.1 Gee die primêre doelstelling van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag. (2)

5.2 Gee VYF aspekte wat geïmplementeer moet word soos voorgeskryf deur Artikel 41 van die Konstitusie om doeltreffende samewerking te verseker tussen AL die regeringsfere, sodat wedersydse vertroue en goeie trou geskep word. (5)

5.3 Gee VYF ooreenkomste tussen die rolle en verantwoordelikhede van die metropolitaanse polisiediens en dié van die verkeersdepartement. (5)

5.4 Noem die VYF laagste range van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag se Vloot. (5)

5.5 Verduidelik kortliks DRIE aspekte wat ingesluit moet word wanneer 'n struktuur vir enige polisiëringsagentskap ('policing agency') ontwikkel word. (3)

5.6 Noem VYF van die hooffunksies van die Suid-Afrikaans Polisiediens (SAPD) se beskermings- en sekuriteitsdienste. (5)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 6

Lees die paragraaf hier onder en beantwoord AL die vrae.

Scenario:
Die Minister van Polisie (voorheen die Minister van Veiligheid en Sekuriteit) het erken dat Kaapstad oorloop van bende-aktiwiteite en verwante misdade.

Van die misdade wat gepleeg word sluit in: Die gebruik, verkoop en vervaardiging van dwelms, aanranding, huisbraak, moord en korrupsie.

Wanneer 'n moord gepleeg word is die aanduidings dat die volgende modus operandi gevolg word: 'n Groep van minstens tien mans werk saam; hulle teiken lede van die gemeenskap (slagoffers) in hulle huise, breek vensters en deure om toegang te verkry, skiet die slagoffers dood, en steel die volgende items: elektroniese toerusting, kontant en juweliersware.

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens se swak prestasie is te wyte aan 'n baie lae opsporings- en skuldigbevindingsyfer.
Die gemeenskap het aangedui dat die polisie die misdade soos volg hanteer:

- Kom eers 'n dag nadat die misdaad gepleeg is daar aan
- Neem verklarings en open 'n saakdossier
- Geen speurder besoek die misdaadtoneel nie
- Sluit die saakdossier na 2 dae

LET WEL: Die gemeenskap het ook waargeneem dat meeste van die polisiebeamptes baie vriendelik is met die bekende bendelede, en dat daar baie interaksie tussen hulle is.

6.1 Verduidelik deur middel van TWEE praktiese voorbeelde hoe elk van die volgende misdaadvoorkomingsbenaderings geïmplementeer moet word om bogenoemde misdaadprobleme op te los:

6.1.1 Primêre misdaadvoorkoming

6.1.2 Sekondêre misdaadvoorkoming

6.1.3 Tersiêre misdaadvoorkoming

(3 × 2) (6)

6.2 Gee die rolle en verantwoordelikhede van die Minister van Polisie (voorheen die Minister van Veiligheid en Sekuriteit). (5)

6.3 Gee die hooffunksies waaraan die Suid-Afrikaanse Polisiediens NIE kan voldoen nie. (5)

Kopiereg voorbehou

6.4 Wat moet in ag geneem word wanneer die Suid-Afrikaanse Polisiediens die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag versoek om te help om die huidige misdaadprobleme te beveg? (2)

6.5 Uit watter Kommissarisse (met ander woorde, die poste wat hulle beklee) het die Bestuursforum van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (ook bekend as die Raad van Kommissarisse) bestaan ná die aanstellings van 1995 en daarna? (4)

Toevoeging tot die scenario:

Lede van die gemeenskap eis vinnige optrede deur die polisie en hou daaglikse stakings om hulle ongelukkigheid te demonstreer.

Die polisie kry die opdrag om meer pro-aktief te wees en misdaadintelligensie oor bende-aktiwiteite te bekom.

6.6 Bespreek die gebruik van intelligensie-data in pro-aktiewe polisiëring. (6)

6.7 Gee die verantwoordelikheide wat die polisie moet nakom tydens die gemeenskap se daaglikse stakings. (2)

[30]

TOTAAL AFDELING C 30

AFDELING D

Kies slegs EEN van die volgende vrae om te beantwoord.

VRAAG 7

Gee 'n opsomming van die Handves van Regte ('Bill of Rights') ingevolge die 2de Hoofstuk van die Suid-Afrikaanse Konstitusie, 1996. **[20]**

OF

VRAAG 8

Tydens misdaadondersoeke is dit noodsaaklik dat bewyse korrek hanteer word, om te verseker dat misdadigers skuldig bevind word.

Bespreek 'Die hantering van bewyse' ('Evidence management') met verwysing na die volgende onderwerpe:

8.1 Praktiese verduideliking van bewyse deur getuies ('testimonial evidence') en fisiese bewyse. (4)

8.2 Die waarde wat die inligting wat by die misdaadtoneel versamel is, vir die ondersoek inhou. (5)

8.3 Die soorte bewyse wat by die misdaadtoneel versamel kan word. (5)

8.4 Hoekom 'n georganiseerde benadering noodsaaklik is wanneer 'n misdaad-toneel geprosesseer word. (6)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou